Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
MEMORANDUM

PUNTE: **70**

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. ŉ Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ŉ kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ŉ motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.

5. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

6. Vir WAAR/ONWAAR – of FEIT/LUG JOU MENING vrae, word die punte verdeel:

   Slegs ŉ punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs EEN punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word GEEN punte toegeken nie.

7. Fals (Vals) kan aanvaar word. (False is egter verkeerd, want dit is Engels).

8. Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

   Indien die vreemde woorde in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

9. Aanvaar dialektiese variasies.

10. Indien die kandidaat kru taal gebruik, word die kru woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die kru woord sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

11. Waar een-woord antwoorde gevra word en die kandidaat ŉ volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

12. Vir meervoudige keuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

Kopiereg voorbehou

13. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

14. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

15. As ’n spelfout die betekenis van ’n antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

KRINGE IN 'N BOS – DALENE MATTHEE

1.1 MacDonald (die houtkoper) (1)

1.2 1.2.1 Onwaar

1.2.2 Hy het haar een of twee keer uitgeneem. (1)

1.3 Hulle was verlief op mekaar. (1)

1.4 Sondagmiddae by die houtskuur √√ toe Saul vir haar pa gewerk het. (Kan ook as wanneer vir 1 punt aanvaar word). (2)

1.5 Saul was nog steeds lief vir Kate. (1)

1.6 Kate se pa (MacDonald) het Saul verbied om vir Kate te sien. (1)

1.7 JA – Kate was sy dogter en hy wou net die beste vir haar hê.

OF

NEE – Hy was onregverdig, want geen mens is benede 'n ander nie./Hy het Saul verneuk omdat hy gedink het dat hy dom was./Hy het neergesien op die bosmense. (1)

1.8 Dat hy nie Saul se broers (die Barnards) se hout sou koop nie. (1)

1.9 Dat hout in sy bloed was. (1)

1.10
- MacDonald het sy pa minderwaardig behandel.
- Hy het agtergekom hoe MacDonald die houtkappers met hul hout verkul.
- MacDonald het sy geld gevat (toe hy vir hom gewerk het) vir sy pa se skuld.
- Die neerhalende manier waarop MacDonald hom minderwaardig laat voel het.
- MacDonald het Saul en Kate se verhouding vernietig.
- Dat hy Saul dreig om nie sy broers se hout te koop nie.

(ENIGE DRIE OF SOORTGELYK) (3)

1.11 JA – MacDonald het hom en sy familie van die begin af as minderwaardig behandel.

OF

NEE – Saul kon sy man teen MacDonald gestaan het. (1)

1.12 1.12.1 C Charles Gray

1.12.2 F Abraham

1.12.3 A Beth

1.12.4 E MacDonald (4)

1.13 1.13.1 susters (1)

1.13.2 konsert (1)

1.13.3 derde (1)

1.14 Die roman se naam is *Kringe in die Bos* en met Saul se terugkeer na die Bos is dit simbolies van 'n kringloop wat hy voltooi. (2)

1.15 Ek sou dieselfde opgetree het en so gou moontlik Knysna verlaat het en op 'n ander plek vir my 'n besigheid gaan begin het.

OF

Nee, ek sou hulle gewys het dat ek ook 'n reg het om daar 'n besigheid oop te maak.
(ENIGE SOORTGELYKE ANTWOORD.) (2)

1.16
- Maska kom vertel hom dat Oupoot Jozef se seun, Joram, doodgetrap het
- Freek Terblans gaan vir Oupoot skiet.
- Saul besluit dat hy Oupoot die vernedering gaan spaar en daarom sal hy self vir Oupoot skiet. (Enige TWEE) (2)

1.17 Ja, hy het vir Freek en Jozef verby Oupoot gelei, √ maar ongelukkig het die delwers vir Oupoot geskiet. √ (2)

1.18 Oupoot wou hê Saul moes vir homself sien watter verwoesting die delwers veroorsaak het. (1)

1.19 Vandat Saul klein was, was Maska altyd daar vir hom./Hy het baie by Maska geleer van die olifante en veral van Oupoot./Maska het vir Saul respekteer. (Enige EEN) (2)

1.20 Alomteenwoordige verteller (1)

1.21
- Oupoot het Saul kringe deur die Bos laat loop om die verwoesting te aanskou.
- Saul en Kate se kringloop is voltooi en hulle kom weer bymekaar uit.
- Saul en Jozef verstaan mekaar uiteindelik.
- Saul verstaan eindelik dat Oupoot sy dierbroer is en dat Maska sy hart-broer is. (2)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vywer

2.1 Mana (1)

2.2 Hanna (1)

2.3 Vakansie op die berg/Vakansie/Wittebrood (1)

2.4 Beyers (1)

2.5 Botterberg (1)

2.6 2.6.1 Onwaar

2.6.2 "Miskien is hulle ook nie lus vir hierdie wittebrood nie." (1)

2.7 eerstepersoonverteller (1)

2.8 Hanna (1)

2.9 'n nare ondervinding (1)

2.10
- Sy noem haar ma op haar naam/Haar ma trek eienaardig/snaaks aan/
- Haar ma steek haar hare met verfkwaste vas/Haar ma ruik na paraffien.
- Haar pa dra soms maskara/Haar pa het peroksiedestrepe in sy hare/Haar pa dra stywe broeke/Haar pa is 'n moffie. (2)

2.11 JA – Haar het sonder haar toestemming in haar kamer gegaan en in hulle goed gekrap.

OF

NEE – Dit het oop en bloot in haar kamer gelê so enige een kon dit lees. (1)

2.12 2.12.1 C Margot

2.12.2 D Mana

2.12.3 E Fabienne

2.12.4 A Sharon (4)

2.13 Tibo dink dit is fantasties dat sy van Amerika af kom. Hy wil ook graag in Amerika woon.
Amos dink nie dis goed dat sy ma in Amerika bly en hom by sy pa gelos het nie.
(Daar moet 'n vergelyking wees. Albei se siening.) (2 punte of nul) (2)

2.14 JA – Sy gee nie om oor haar hare nie en druk sommer verfkwaste in haar hare om dit bymekaar te hou./Sy voel vere oor hoe haar hare lyk.

OF

NEE – Mana moet kan insien dat ander meer begaan is oor hul hare en daarom ’n haardroër sal wil gebruik. (1)

2.15 Sy kom van Amerika af en hy wil eendag Amerika toe gaan./Sy lees Tarot kaarte en hy wil graag meer oor sy pa uitvind en hy glo hy sal die antwoord by Margot kry. (1)

2.16 Sharon se hare was swart en krullerig./Sharon se vel was koffiekleurig./ Sharon se tande was mooi wit.
Hanna se hare was muisvaal./Hanna het ’n gaping tussen haar tande gehad. (Verskille moet aangedui word.) (2)

2.17 B boek (1)

2.18 Sy het nie gedink hy sou vir haar iets gee nie./Yann het gewoonlik geen aandag aan haar gegee nie. (1)

2.19 Sy het nie gedink daar sou geld wees vir geskenke nie, aangesien hul ’n huis gekoop het en ook omdat daar ’n nuwe baba oppad was. (1)

2.20 Sy wou haar naels afknip sodat sy nie die baba tydens die geboorte sou seermaak nie. (1)

2.21 Sy wou nie die baba seermaak nie./Sy dink nie net aan haarself en haar voorkoms nie./Sy is hulpvaardig met die geboorte van die baba./Sy is onselfsugtig. (ENIGE IETS SOORTGELYKS) (1)

2.22 Sy wou nie haar ma se pyn aanskou nie. (1)

2.23 Sy kon meer tyd saam met Yann deurbring. (1)

2.24 Hy sou nou nie iets oor sy pa uitvind nie. (1)

2.25 JA – Dit was vir hom belangrik om te weet wie sy pa is. ’n Mens wil tog weet wie jou pa is.

OF

NEE – Daar is sekere dinge in die lewe wat jy maar net moet aanvaar omdat jy dit nie kan verander nie. (2)

2.26 Sy het al voorheen haar beloftes verbreek. (1)

2.27 Dat jy jouself moet aanvaar soos jy is. (2)

[35]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn

3.1 Die windlaaier se lem was gebreek./Hy kon nie batterye vir CB-radio laai nie./Daar was geen elektrisiteit vir CB-radio nie. (3)

3.2 Elsabet se dogtertjie en Kinnie se dogtertjie. (2)

3.3 Haar oupa/Kinnie was sy dogter. (1)

3.4 Om Kinnie se kind vir Elsabet te gee toe Elsabet se kind sterf. (2)

3.5 Om woordeliks of woordeloos √ 'n ooreenkoms aan te gaan. √ (2)

3.6 Sy het geweet dat Elsabet se babatjie dood en begrawe is dat hulle Kinnie se babatjie in haar plek vir Elsabet gegee het, en die waarheid van Elsabet weerhou het. (2)

3.7 Janka (1)

3.8 3.8.1 E Sheila

3.8.2 C Janka

3.8.3 D Fred

3.8.4 A Ryna (4)

3.9 3.9.1 Onwaar

3.9.2 Jannerik het haar gehelp. (1)

3.10
- Haar man het hul huis aan die brand gesteek en niks het oorgebly nie.
- Haar man het hulle seun en daarna homself doodgeskiet.
- Haar man het met dwelms gesmokkel.
- Ryna het as gevolg daarvan in 'n inrigting beland. (Enige DRIE) (3)

3.11 JA – Sy het ingehok gevoel en was nie gelukkig op die eiland nie.
Sy het na die lewe op die wal verlang.
Sy was op Fred Blankenberg verlief.
Sy was nooit lief vir Jakob nie en het met hom getrou omdat Fred reeds getroud was.

OF

NEE – Geen ma los haar baba nie.
Sy was oneerlik teenoor Jakob om met hom te trou terwyl sy iemand anders lief het.
Sy het van die begin af geweet dat die lewe op die eiland baie eensaam sou wees. (2)

3.12 JA – Ek sou dieselfde gedoen het en na die man wat ek lief het, gegaan het.
Die eiland is nie ’n plek vir ’n vrou nie, want dis baie eensaam daar.

OF

NEE – Sy het van die begin af geweet dat die eiland baie eensaam is.
Sy het vir Jakob oor haar gevoel gejok.
Geen ma los sommer haar kind nie. (2)

3.13 3.13.1 Emily

3.13.2 Bernard

3.13.3 Janka (3)

3.14 Hy het albei met ander vroue verkul. (1)

3.15 Hulle wou dit spesiaal vir Janka maak, veral omdat haar ma die eiland verlaat het. (1)

3.16 Jacob en ’n kreefdief het opmekaar geskiet en toe hardloop sy oor die jettie en toe skiet die kreefdief haar raak. (2)

3.17 Ryna se seun is doodgeskiet en sy verstaan die hartseer om ’n kind te verloor./Sy was lief vir Jacob en daarom kon sy hom met enige iets bystaan. (2)

3.18 D sig (1)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

POPPIE-DIE-DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

4.1 Herschel (1)

4.2 Mdantsane (1)

4.3 Bonsile se kind/Vukile (1)

4.4 4.4.1 Onwaar

4.4.2 "Sy het al die geld wat sy nog oor had aan die jong ma van die kind gegee (en toe Kaap toe vertrek)." (1)

4.5
- Sy moes in Mdantsane saam met haar kinders gaan woon, terwyl haar man en familie in die Kaap kon bly.
- Stone is dood, terwyl sy in Mdantsane was.
- Sy het haar dogters Herschel toe geneem.
- Sy moes al die reëlings vir haar huis en kinders alleen behartig.

(Enige DRIE) (3)

4.6 protagonis (1)

4.7 4.7.1 Vukile

4.7.2 Kindjie (2)

4.8 4.8.1 C Katie

4.8.2 D Constance

4.8.3 B Plank

4.8.4 E Jakkie (4)

4.9 Jakkie is 'n jaar na haar seuntjie wat dood is, gebore en sy het hom groot-gemaak totdat hy drie jaar oud was. (2)

4.10
- Poppie is 'n sterk vrou.
- Haar kinders kom eerste in haar lewe.
- Sy wil net die beste vir hul hê.
- Sy het swaargekry sodat hulle in vrede kon skoolgaan.

(Enige een of soortgelyks) (1)

Kopiereg voorbehou

4.11 JA – Die kinders kon met hul skoolwerk aangaan.
Sy het nie 'n pas gehad nie en hulle sou nie veilig in die Kaap wees nie.
Hulle sou veilig weg van die Kaap wees.
Hulle sou nie betrokke by die opstande in die Kaap wees nie.
(Of soortgelyk)

OF

NEE – Nee, kinders moet by hul ouers bly.
Sy het die gesin opgebreek met die dogters in Herschel, die seuns in Mdantsane en die kleintjies by haar.
(Of soortgelyk) (2)

4.12 Vukile was swak en agter in sy vordering op skool.
Hy het vordering by Mosie en Rhoda getoon.
(Of soortgelyk) (2)

4.13 Gee hulle slae met latte.
Laat hulle baie water drink en druk dan vere in hul kele om hulle te laat opbring. (2)

4.14 Deur die polisie by die hoenderhok.
Deur die kinders ook by die hoenderhok. (2)

4.15 JA – Hulle doen slegs hul werk.
Hulle wou uitvind waar Jakkie is en het gedink die kinders sou weet waar hy is.
(Of soortgelyk)

OF

NEE – Bonsile en Nomvula was nie in die Kaap nie en het niks met die onluste te doen nie.
(Of soortgelyk) (2)

4.16 Die migrants besit die biersale en die sjebeens waar die grootmense hul geld uitdrink.
Die kinders sê hul kry nie geleerdheid nie as gevolg van die grootmense se drinkery.
(Of soortgelyk) (2)

4.17 Die polisie verteenwoordig die regering en die regering is vir die migrants verantwoordelik. (2)

4.18 Bonsile en Nomvula is deur die polisie gevang.
Sy weet nie waar Fezile is nie. (2)

4.19
- Jou lewe is in die Here se hande.
- Die Here se wil is nie jou wil nie.
- Jy moet jou omstandighede aanvaar.

(ENIGE EEN OF SOORTGELYK) (2)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

PALJAS – Chris Barnard

5.1 Een van die sirkusmense. (1)

5.2 Hy was in ’n vuisgeveg met Bertie betrokke. (1)

5.3 klanknabootsing (1)

5.4 Uniondale (1)

5.5 5.5.1 Onwaar

5.5.2 “Emma hou die skottel met lou water vas.” (1)

5.6 Dat sy nie gaan trou nie/Dat sy ’n oujongnooi gaan word/Dat sy soos haar ma gaan word. (1)

5.7 Hendrik probeer om vir Emma aan hom afsmeer (aan hom verkoop). (1)

5.8 B Hy het moeilikheid gesoek. (1)

5.9 Hy het niks daarvan geweet nie. Niemand het hom iets van die trein laat weet nie en dit is sy stasie. (2)

5.10 Emma is sy dogter en ’n pa het die reg om oor sy dogter bekommerd te wees. Geen man (Bertie) het die reg om aan ’n vrou te vat sonder haar toestemming nie.
(ENIGE EEN OF SOORTGELYK) (1)

5.11 JA – Hy bring dikwels plate waarna hulle kan luister.
Hy help Hendrik met sy kar.
Hy hou van Hendrik se geselskap.

OF

NEE – Hy gebruik dit slegs as rede om vir Emma te sien. (1)

5.12 Die nar/Hy is die nar van die sirkustrein. (1)

5.13 Willem (1)

5.14 Manuel (die nar) het vir Willem genooi om die olifant te lei. (1)

5.15 Hendrik wou Willem gedurig dwing om te praat.
Hendrik het gedurig geraas en baklei.

Manuel het met Willem gespeel.
Manuel het vir Willem aanvaar soos hy is.
(Daar moet ’n vergelyking wees – 2 punte of nul.) (2)

5.16 Manuel, die nar was sy vriend en hy was hartseer omdat hy weg is sonder om hom te groet. (1)

5.17 5.17.1 koringland

5.17.2 blou

5.17.3 narrepak (3)

5.18 5.18.1 C Willem wil weet of dit sonde is om jou gesig te verf.

5.18.2 D Die dorpenaars gaan soek vir Manuel by die McDonalds.

5.18.3 A Manuel hardloop uit die kerk, want hy weet daar is moeilikheid aan die kom.

5.18.4 F Jan Mol en ’n paar knape gooi klippe daarna. (4)

5.19 Net nadat gerugte van satanisme en duiwelsaanbidding oor die McDonalds op die dorp versprei is. (1)

5.20 Sy plig is om hulle in te lig oor dit wat volgens Christelike geloof en beginsels reg en verkeerd is.
(Of enige gepaste plig wat geassosieer word met die werk van ’n dominee wat hierby aansluit.) (1)

5.21 Gefrustreerd/geïrriteerd met die dominee. (1)

5.22 veroordelend (1)

5.23 JA – Die predikant voel dieselfde omdat hy sê dat die nar satanisties is.
(Of soortgelyk)

OF

NEE – Geen mens het die reg om enigeen te skiet nie.
Elkeen is verantwoordelik vir sy eie dade.
Die dominee is nie verantwoordelik vir jou dade nie.
(Of soortgelyk) (1)

5.24 Hy het die McDonald gesin weer bymekaar gebring en hulle kon weer met mekaar kommunikeer.
(ENIGE IETS OF SOORTGELYK) (1)

5.25
- Jan Mol is ’n bakleierige soort mens.
- Hy wou graag die predikant beïndruk.
- Hy wou die mans saam met hom beïndruk. (1)

Kopiereg voorbehou

5.26
- Ek sou by die McDonalds gebly het, want hulle is gelukkig.
- Die McDonalds sorg goed vir my.
- Ek sou ook weggegaan het, want ek is lief vir die sirkus.
- Die sirkus is al lewe wat ek ken.
- Ek verdien geld by die sirkus en ek sou nie geld by die McDonalds verdien het nie. (Enige TWEE) (2)

5.27
- Sodat Willem hom nie moet vergeet nie.
- Dat Willem moet onthou dis beter om te lag as om te huil.
- Willem het begin om dit te bespeel en nou kan hy aanhou om daarop te speel. (1)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHAAL

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

BENEDICTA – Margaret Bakkes

6.1 6.1.1 Sy wou toilet toe gaan. (1)

6.1.2 Onwaar, sy kon haar emosies nie langer beheer nie.
Sy wou huil, maar wou nie voor haar seun huil nie.
(Of soortgelyk.) (2)

6.1.3 Benedicta (1)

6.1.4 Sy het al ervaar hoe dit is om ’n kind aan die dood af te staan.

Sy luister na die spreker.
Sy sit haar arm om die spreker.
Sy bied haar ’n sigaret aan. Sy bied haar Wodka (’n drankie) aan.
Sy sê sy sal vir haar bid.
(Enige een vir die tweede punt.) (2)

6.1.5 A Eerstepersoonsverteller (1)

6.1.6 6.1.6.1 C Hannes

6.1.6.2 E Francois

6.1.6.3 D Christiaan

6.1.6.4 A Phillios (4)

6.1.7 Sy het gesê dat sy ook al ’n kind verloor het en dat sy vir die spreker sal bid. (2)

6.1.8 Ja, Benedicta was vir die verteller ’n seën; deur haar het die verteller hoop gekry/Benedicta het deur haar aksies ’n ommekeer in die verteller se gemoed teweeggebring. (Enige EEN) (2)

6.1.9
- Sy het moontlik kinders wat sy moet versorg.
- Sy werk dalk en het moontlik nie verlof nie.
- Sy moet moontlik sorg dat alles by die huis reg verloop.
- Daar is moontlik nie plek vir haar nie (veral as die ouers moet agterbly). (Enige TWEE) (2)

6.1.10 JA – Ons moet altyd daar wees vir ander.
Ons moet van die grense rondom ons vergeet.
As Christene moet ons daar wees vir mekaar.

OF

NEE – As ek hartseer is, wil ek alleen gelaat word.
Elkeen moet vir hom- of haarself sorg.
(ENIGE EEN OF SOORTGELYK) (1)
[18]

EN

ASTRA CASTRA – Dot Serfontein

6.2 6.2.1 Honderd meter ope (1)

6.2.2 Hanna Dewalt (1)

6.2.3 6.2.3.1 atletiekafrigter (1)

6.2.3.2 druk (1)

6.2.3.3 presteer (1)

6.2.4 "sy koue blou oë" (1)

6.2.5 A bang (1)

6.2.6
- Sy moet na 'n filmopname van haar vorige wedloop kyk.
- Eben Bester (haar afrigter) is totaal teen sosiale geleenthede gekant.
- Eben Bester hou nie van geleenthede wat seuns insluit nie.
- Eben Bester wil hê Ettie moet net op haar atletiek konsentreer.

(ENIGE TWEE OF SOORTGELYK.) (2)

6.2.7
- Hy reël dat sy in die skoolhoof se huis gaan bly.
- Sy kry spesiale kos.
- Sy kan saans voor die warm kaggel studeer.
- Sy kry Eben Bester se volle aandag.
- Eben Bester tree as haar persoonlike afrigter op.

(Enige TWEE) (2)

6.2.8 JA – Hy het haar potensiaal (talent) raakgesien.
Hy het gesien dat sy 'n wenner is.

OF

NEE – Hy het as atleet misluk en wil nou deur middel van Ettie die roem bereik.
Hy sien in Ettie nou sy kans om sy droom te verwesenlik.
(ENIGE EEN OF SOORTGELYK) (1)

6.2.9 Deur vir Ettie te help, kan hy sy eie onvervulde ideaal verwesenlik. (1)

6.2.10 JA – Sy huil, want dis ’n teken van opgekropte spanning.
Sy huil moontlik omdat sy verloor het.

OF

NEE – Haar voet het geswik wat ’n teken is dat sy nie op haar voet kan trap nie.
’n Blaas wat stukkend gaan, is gewoonlik baie seer. (2)

6.2.11 WAAR Want daar sal nou baie minder druk op haar wees/die kampioenskappe is verby/sy kon nou ontspan.
(ENIGE EEN OF SOORTGELYK)

OF

ONWAAR Sy het verloor en moet nog hoor wat Eben Bester verder beplan. (1)

6.2.12 JA– Hulle doen dit om hulle aan te moedig.
Hulle help met die regte oefenprogramme.
Hulle help hulle om die regte kos te eet.
Die kind is nooit alleen nie.

OF

NEE – Die deelnemers verloor hul identiteit.
Deelnemers verloor so hul kindwees.
Ouers en onderwysers wil deur die deelnemers roem verwerf.
(OF SOORTGELYK) (1)
[17]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

VRAAG 7.1: Stad in die mis

7.1 7.1.1 gespanne (1)

7.1.2 Hy word deur ’n gevaarlike dier bedreig, maar hy weet nie presies waar die dier is nie. (1)

7.1.3 personifikasie (1)

7.1.4 7.1.4.1 E geluide van die stad (1)

7.1.4.2 D besoedeling (1)

7.1.4.3 A oop gebiede tussen geboue (1)

7.1.4.4 B dakke (1)

7.1.5 gespanne of spanningsvol (1)

7.1.6 die digte mis (1)

7.1.7 Die wit duisternis word metafories gebruik vir die mis in die stad/ die wit duisternis sinspeel op die mis in die stad. (1)

7.1.8 oksimoron/teenstelling (1)

7.1.9 Dit beteken iets is verborge of onseker/Dat jy iets nie verstaan nie/iets onbekend is. (Enige EEN) (1)

7.1.10 Die dier loop nie gemaklik nie omdat hy so groot is./Die dier waggel omdat hy groot is./Die dier loop swaar omdat hy groot is. (1)

7.1.11 B iemand wat in die stad woon. (1)

7.1.12 Die oorweë wat oor paaie gebou is/die pilare van groot geboue/groot winkelsentrums. (1)

7.1.13 vrees/bangheid/angstigheid/spanning
(ENIGE EEN OF SOORTGELYK) (1)

7.1.14
- Die moderne stad is ’n bedreiging vir die mens.
- Die stad hou gevare vir die mens in.
- Die mens word ’n gevangene van die stad.
- Die nietige mens is weerloos teen die meganiese siellоosheid van die stad. (Enige EEN) (1)

7.1.15
- Hy moet die stad leer ken.
- Moenie alleen rondloop nie.
- Moet weet waar die gevaarlike plekke is. (1)

[18]

EN

VRAAG 7.2: Things that go bump in the night – Rosa Keet

7.2	7.2.1	Die "jy" laat hom/haar alleen by die huis.	(1)
	7.2.2	"harder klink" (Moet twee woorde wees.)	(1)
	7.2.3	minder en harder	(2)
	7.2.4	bang	(1)
	7.2.5	D assonansie	(1)
	7.2.6	Die twee woorde word beklemtoon. Omdat rymwoorde se klanke herhaal word, kry die woorde altyd meer klem.	(1)
	7.2.7	Dit gee die idee dat sy sonder ophou in die huis ronddwaal.	(1)
	7.2.8	metafoor	(1)
	7.2.9	kis/doodskis/die dood	(1)
	7.2.10	Sy sleep haar vlees soos 'n swaar kis agter haar aan – 'n doodskis of 'n swaar kis word geïmpliseer – albei dinge is moeilik om te hanteer. Dit is hartseer of harde fisiese werk.	(2)
	7.2.11	Die titel is 'n intertekstuele verwysing na 'n tradisionele (Skotse) gebed, waarin God gevra word om iemand teen bangmaakgoed te beskerm.	(2)
	7.2.12	In plaas van minder geluide te hoor, word die geluide harder en hoor sy selfs voetstappe op die trap.	(2)
	7.2.13	JA – Dit handel oor die irrasionele vrese van enige mens wat bang is.	
		OF	
		NEE – Dis sommer laf/Onnodige vrees (Of soortgelyk)	(1)
			[17]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou